# DIE ANTWOORD VAN DIE CALVINISTIESE FILOSOFIE EN PRAKTYK VAN DIE OPVOEDING OP DIE WYSGERIG-RELIGIEUSE EISE VAN DIE MODERNE TYD

Ons lewe in woelige, wonderlike tye. Beskrywing hiervan is aan die orde van die dag, elkeen met ander klem en treffende byvoeglike naamwoorde. Dit het mode geword om ons probleme en sogenaamde krisisse terug te voer tot die besondersheid van ons moderne eeu. Die opvoedkundige terrein is hiervan ook 'n getroue verteenwoordiger. Nuwe en besonderse tye verg nuwe en besonderse opvoedkundige benadering. Ons huise lyk en is anders, ons ouers eis en gee anders, ons gemeenskap tree anders op en is baie meer gekompliseerd, ons kinders mag psigies nog na die van ons voorgeslagte lyk en aard, maar tog is die verhoudings so totaal verskillend dat hulle maklik soos vreemde wesens vergelyk.

Ons skoolgeboue is anders en stel ander moontlikhede in vooruitsig, ons hulpmiddels maak byna die onmoontlike moontlik, sodat ou gevestigde gebruike en oortuigings dikwels tuimel. En hoe het die so hoog geroemde waarheid nie al voor moderne ontdekkings en ontwikkelings bolmakiesie geslaan nie, sodat mens nie meer weet wat om aan die jeug te leer nie.

Hier het ons maar 'n floue afbeelding van wat ons diepste kommer op opvoedkundige terrein opwek, ook hier aan die P.U. vir C.H.O. Hier staan ons met 'n Bybel uit die voortye, met 'n belydenis wat eeue oud is, met 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing wat in en vir gans ander tye en geleenthede ontwikkel het, met 'n opvoedkundige siening wat, in die woorde van 'n andersdenkende, „geen wetenskaplike bestaansreg het nie". Hier word ons beskuldig van aanhangers te wees van die ewolusionisme, omdat ons wel deeglik gebruik maak van die dierlike fisiese en psigiese samestelling, en uitgekryt as onverdraagsaam, eng en bekrompe omdat ons uit die apriori van ons beskouing oordeel, omdat ons nie kans sien om vir egte wetenskapsbeoefening met elkeen saam te gaan staan, ongeag lewensopvatting en wêreldbeskouing „en met hom die hele pad van *wetenskapsbeoefening tot die laaste pedagogiese konsekwensies* kan bewandel" nie (Oberholzer: Prolegomena, p. 19).

Die tema van hierdie simposium is wel deeglik ter sake en absoluut noodsaaklik. Tensy ons rekenskap kan gee sal ons

slegs halsstarrig en hardkoppig aan die oue vasklem en dit as goed beskou bloot omdat ons vaders so gemaak het. Dan sal ons opvoedingsfilosofie en -praktyk histories interessant maar totaal waardeloos wees en geen lewe wek nie; dit sal steriel geword het en sonder nageslag sterwe.

Kom ons kyk 'n oomblik na die beskuldiging dat ons 'n vooropgesette leerstelling het wat doktrinêr nagevolg word en ons daarom onvry maak. Ons word beskuldig van onverdraagsaamheid omdat ons sou weier om die goeie in die benaderings van ander opvoedingsfilosofieë te oorweeg en eklekties in ons eie te inkorporeer. Dit word beweer dat die groot kwaad van die kommunistiese Marxistiese filosofie nie soseer in sy inhoud lê nie as in die disposisie van diegene wat dit universeel wil toepas. Die groot onreg sou dan die onmenslikheid wees om die sosiale orde en selfs die hele wêreld in die koerslyf van hulle vooraf beplande en groot opgesette filosofie in te dwing. Gelukkig, sê die Amerikaner dan, was daar geen sodanige oorgawe aan 'n enkele filosofiese stelsel by hulle wat hulle onvry gemaak het nie. Tog het Dewey se doktrinêre filosofie hulle hele opvoedingsveld oorheers. Ons kritiseer hulle nie dat hulle 'n siening gehad het en dit laat deurwerk het nie. Ons bejammer hulle slegs dat daardie siening van hulle so 'n in sigself geslote immanente is, en sonder ware perspektief en hoop. Ons kritiseer hulle omdat hulle 'n valse grondslag het om op te staan. Ons beroem ons egter nie op 'n filosofie wat ons onvry maak nie maar op 'n godsdiens wat ons vry maak. Ons wil nie probeer „verklaar" en „verstaan" nie, want dit kan nie. Ons wil slegs leer ken en in geloofsoorgawe aanvaar. Ons wil nie die lewe en die wêreld verklaar en ken buite die geopenbaarde Woord van God om nie, want ons kan nie. Ons verklarings en insigte rus altyd op 'n absolute toetsbodem waaraan ondubbelsinnig getoets word. Ons filosofie wil hier die logiese gang in die dinge sien, die raadsplan van God gelowig naspeur.

Vir die Calvinis gaan dit dus nie om 'n oorkoepelende filosofie nie maar om 'n alles-begrondende geloof, wat ons erken en bely in ons hele opvoedkundige filosofie en beleid. Dewey het die vasgevalle opvoedkundige denker wakker geskud met sy kernvraag: „Wat kan die mens doen?" en „Hoe kan hy dit die beste doen?" Daarmee het hy die Idealis van sy Ideë ontanker en aan sy funksie en waarde veranker. Hiermee het hy die opvoeding, onderwys en skool van sy uiteindelike transendente doel losgemaak en aan die hier-en-nou geanker. Klem

het op 'n proses geval, op die „dit is", op die interaksie van mens en omgewing, op die eksperimentele, wetenskaplike benutting van die ervaring, op die transaksionele eksterne aard van die proses as essensie van die lewe.

Op die lang duur het Dewey gefaal, want hy het die mens as subjek totaal misgekyk en vir hom 'n skitterende omgewing probeer skep wat as utopie moes dien, maar waarin hy self geen sekuriteit gevind het nie. Vir die na-oorlogse ontnugterde jeug het Dewey se vraag nie meer bevredig nie, selfs nie die vraag: „Wat is die mens?" nie maar dit het 'n eksistensiële vraag geword. „Wie is die mens?" en veral „Wie is ek?" Daar is geen mag meer buite die mens waarop hy kan steun nie, nie die Natuur nie en selfs nie God nie. Kollektief en indiwidueel is die mens alleen self verantwoordelik vir wie hy word. Daar is geen identifikasie met God nie. Selfs die natuurlike seleksie van die 19e eeu is nie meer op die mens van die 20e eeu van toepassing nie. Die wêreld is 'n produk van sy eie skepping, die deurleefde realiteit van binne uit gesien. So raak dit die jong mens se diepste sorge en vrese en beweeg by hom in die ware hier-en-nou. Die eksisterende jongmens, die nuwe vraende jeug wat dors na persoonlike betekenis in 'n wêreld van wetenskap, tegniek en gemeenskap, wat wel 'n antwoord gee op die vraag „Wat kan die mens doen?", soek na nuwe ankers, nuwe vaste punte. Die opvoedkunde van vandag soek ook na nuwe doelstellings wat die hier-en-nou, die eksistensie, as belewenis lewenswerd maak. Ons kan dus vandag nie weer by Dewey se „dit is" begin nie, nie by die kennisproblematiek nie, maar wel by die eksistensiële ponering, „ek is". In die opvoedkunde moet daar teruggegryp word op die eksistensie, op die selfkennis, saam met die kennis, die essensie, maar juis in daardie volgorde. So, sê die eksistensiële opvoedingsfilosoof, moet die kind gebring word om te besef dat hy verantwoordelik is, persoonlik verantwoordelik is, vir hierdie mensgemaakte wêreld waarin hy eksisteer, „for man is the sire that illuminates as well as creates the world" (Troutner).

Dit is die gees, die matriks, waarin opvoeding en onderwys vandag ingebed is. Dit is die modefilosofie wat met 'n totaal nuwe siening die nuwe begrippe, geklee in 'n eie terminologie, vandag die minder ingewyde beïndruk en meesleep, wat ontleed tot in sy oerwortel, uitmekaar flenter en sodoende die reste beskou in hulle algemeen-geldigheid en buite-kulturele en buitelewensbeskoulike aanvaarbaarheid. Onderwysmense van alle

eeue en oorde en soorte behoort mekaar hier te ontmoet, sê hulle, en kan dan vorentoe saam loop. Watter wonderlike, reddende en vrymakende krag bied dit nie aan die andersins ongeankerde mens vandag om ook aan die komende geslag oor te dra nie. So kan die volle hede, die ware hier-en-nou belewe word in volkome gelukkigheid. Hiertoe word alle aspekte in opvoeding en onderwys ingespan, leerstof, metode, organisasie en beoefenaars. Dis dan veral die ortodoks-Christelike, by name ook die Calvinisme, wat in hulle afwysing as eng en bekrompe bestempel word.

Maar die Calvinisme bied aan die opvoeding en onderwys, aan die Opvoedkunde as wetenskap, soveel meer as wat die eksistensialistiese beskouing ooit kan bied. Dit bied die uitsig op hierdie lewe so heerlik en duidelik, maar ook 'n uitsig op die toekomende. Dit trek die aandag van die funksievraag van Dewey af: „Wat kan ek doen?", asook van die eksistensiële vraag: „Wie is ek?", want hoe belangrik hulle ook al in hierdie lewe mag wees, hulle kan nie beantwoord word nie voor ons weet: „Wie is God?" en „Waartoe is ek?" Daarom kan ons by die eksistensialis gaan verneem wat hy in die „ek" sien en by Dewey wat hy meen wat die mens moet doen en hoe, maar dit dan alles en veel meer integreer in die geloof dat die mens na God toe geskape is. Watter aspek van die lewe wat die opvoeder op sy opvoedingsweg ontmoet, val buite hierdie ligkring, word nie daardeur tot totale bevrediging verlig nie? Dis waar van die fenomeen, teruggevoer tot die oerfenomeen; dis waar van die hier-en-nou sowel as van die toekomende, op aarde en in die hemel. En daarmee dan ons Calvinistiese opvoedingsdoel nog net so ongeskonde, suiwer en realisties as toe Paulus dit gestel het: Mense van God, tot alle goeie werk volkome toegerus.

Ons kommer gaan dus nie oor die moontlikheid dat die Calvinistiese benadering nie meer in al die behoeftes kan voorsien nie, maar wel dat ons dit nie meer toelaat om daarin te voorsien nie. Ons praat van ons onderwys wat Christelik moet wees, maar dit kan nooit Christelik wees nie sonder Christene. En dit is waar die gevaar vir ons lê, nl. het ons die Christelike onderwysers, wat reg geanker is, wat besef en glo en belewe dat God se Woord elke periode van die skoolrooster ten diepste bepaal, elke spel op die skoolterrein van 'n stempel voorsien, elke ouerhuis beheers en die totale kind vir God opeis eerder as vir watter moderne eis ook al? Maar Christen-onderwysers se Christelike onderwys sal geen weerklank vind sonder die

Christelike klankbodem van die kind uit die gelowige huis nie. Geen verandering dus in die Calvinistiese opvoedkundige beginsels nie maar wel in die aanvaarding en uitlewing daarvan in elke faset van die opvoedkundige lewe.

Maar, sal u sê, moet die Calvinistiese opvoeding dan geen vernuwing en verjonging ondergaan nie? Hierop moet ons 'n besliste nee en 'n ewe besliste ja antwoord. Aan die grondbeginsels is daar totaal niks te vernuut nie; hulle is tyd- en ruimteloos. Dus 'n besliste nee as antwoord. Hulle is universeel, ja, maar ken ons hulle, weet ons hoe hulle belewe en uitgelewe word en moet word in die moderne gedaante van die werklikheid? Tye en geleenthede verander so vinnig dat mens moeilik met die aanpassing kan bybly. Is die Calvinistiese opvoedingsfilosofie plasties genoeg om die geweldige skokkende nuwe dinge die hoof te bied? Ek sê nadruklik ja, maar die vraag is of ons dit nie te gerieflik en tevrede in die ou modepatroon van die vorige helfte van die 20e eeu vind nie en daarom weier om in die mode van vandag geklee nog net so suiwer te lewe. Is ons bereid om as onderwysers, ouers, skool- en kerk 'n nuwe rol, plek, funksie te neem om die ou beginsels kragtig te laat lewe? En as ons bereid is, *kan* ons? Onthou, as die Calvinisme een kenmerk het, is dit dat hy op die voorpunt die lig aansteek, dat hy die duister pad vorentoe belig. Dit is dan ook ons dringende eis in hierdie dae, nie verowering van die verlorene nie maar ontginning van die nuwe. Waar kan daar dan vir ons hier aan die P.U. 'n verblydender teken wees en ons tot groter dankbaarheid stem as dat ons vanjaar in ons eeufeesjaar die grootste B.Ed.-klas nog ooit het, byna 120 van hulle? En hoekom kom hulle hierheen? Volgens menigvuldige getuienis omdat hulle hier weer daardie ewige beginsels kry tesame met die oproep tot voortdurende vernuwing, dat hulle hier geleer word om ultramodern en absoluut behoudend te wees.

Hoe staan ons teenoor andersdenkendes en teenoor vervangende rigtings? Ons mag onomwonde sê: kompromisloos maar so ope soos die Calvinis alleen kan staan. Die Calvinis het op opvoedkundige terrein al baie by andersdenkendes geleer: die Naturalis het ons die kind as indiwidu leer waardeer en ons oë geopen vir dit wat ons verwaarloos het, nl. sy menslike natuur. Die Pragmatis het ons geleer hoe waardevol groei is en hoe belangrik die voorbereiding vir die beroepsbeoefening is, sodat die kind kan leer om sy eie las te dra en ander te help met hulle s'n. Die Eksistensialis het ons geleer hoe waardevol die

eksistensie hier-en-nou is, om die kind te leer om, geplaas binne 'n situasie, daardie situasie so te gebruik dat hy verantwoordelik kan wees vir alle konsekwensies. Al die rigtings saam het vir ons wye perspektiewe geopen, maar slegs as ons hulle sien „in U lig". Dan word die eensydighede getemper en in fokus gebring. Dan sien ons die mens in die situasie dog nie as daar-geworpe nie maar as 'n geroepene „*in* hierdie wêreld". Dan sien ons die verantwoordelikheid van die kind in die situasie nie as die selfverlossing nie maar as die gehoorsaamheid aan die roepstem en die opdrag van God „Werk jou heil uit met vrees en bewing". Dan „ontmoet" ek die kind as opvoeder nie omdat ek volwasse is en hy onvolwasse nie, maar omdat God my tot opvoeding geroep het en hom op opvoeding aangewys het.

U sien, ons Calvinistiese opvoedkundiges is fenomenoloë by uitstek, maar nie fenomenoloë wat in ons reduksieproses van die fenomeen, om tot die oerfenomeen deur te dring, ons geloof en belydenis uitskakel asof dit ons sal belemmer, beperk en vereng nie. Nee, ons wil juis nie met so 'n bloedlose, lewenslose glasoog daarna staar, net om te sien wat elkeen daarin sien nie, maar juis om dit daarin te sien wat ander nie kan sien nie. Ons kyk na die fenomeen Opvoeding met die gelowige oog. Trouens ons oog kan nie anders kyk en sien nie behalwe as ons hom doelbewus skaad of toeknyp. Daarom is ons eerlike beskouing dat baie van ons gelowige fenomenologiese broers, selfs na die ingrypendste selfdissipline en inoefening, tog nog met gelowige oë na die dinge kyk. Daarom is daar so veel wat hulle sê wat vir ons mooi klink en wat ook waardevol is. Ons is dankbaar vir daardie deel van hulle bydrae. Maar ons glo dat hulle oog en ons s'n deur die sonde verduister is, sodat ons nooit die ware fenomeen kan skou nie, en die fenomeen lê ook onder die sonde en kan hom dus nie absoluut vertoon nie. Ons moet dus die opvoedingsverskynsel biddend, gelowig benader om daaruit die geweldige inslag van die sonde te verwyder, om dit tot volmaaktheid te kan bring. Ons moet in die sondige kind voor ons die voor-sondevalse kind ontdek, en dit kan nie gebeur sonder Christus nie. Weer eens is ons teruggevoer tot die Skrif en die Christus van die Skrifte. En tensy ons hierdie vertikale insnyding basies poneer en belewe, sal ons in 'n bose kringloop beland, 'n geslote baan, 'n volledige selfstandigheid, 'n uit, deur en tot sigself. Is dit nie die opvoedkundige kwaal van die wêreld van vandag nie?

Mens hoor vandag voortdurend van krisisse hier en krisisse daar, ook van krisisse in die onderwys, kritieke opvoedingsituasies in huis en skool. Krisis het 'n modewoord geword om die situasies wat hand-uitruk mee te tipeer. As ons egter die geskiedenis van die onderwys deur die eeue nagaan, vind ons dit byna die beskrywing van krisisse van voor tot agter. Elke nuwe hervormer sien die bestaande as 'n krisissituasie. So was daar die krisis van te min natuurwetenskap en die krisis van te veel natuurwetenskap, die krisis van dogmatiese onderrig en die krisis van ondogmatiese onderrig. So kan ons voortgaan met opnoem en telkens, met elke krisis saam, die hervormer of herout noem wat die „nuwe orde" wou bring. Dis natuurlik die weg van minste weerstand om mens se onvermoë om die toestand te begryp of te beredder agter 'n krisis weg te steek. Want krisisse kan nie deur gewone mense met gewone middele aangedurf word nie. Krisisse moet gelaat word totdat die besonderse persoon dit kan aandurf; intussen laat ons die chaos lieflik voortwoeker en vastrapplek kry.

Is daar vir die Calvinistiese opvoedkunde en opvoeding vandag 'n krisis? Ons antwoord hierop wil 'n ondubbelsinnige *nee* wees. Daarmee ontken ons nie die baie dinge wat ons laat kopkrap nie. Ons weet die situasie is baie ingewikkeld, soos 'n latwerk deurweef, baie meervoudig en gekompliseerd. Ons beweer graag dat dit vroeër vir die eenvoudige ongeleerde ouer en meester moontlik was om die situasie te hanteer, terwyl hulle vandag totaal verward sou gestaan het, terwyl ons self dikwels verward staan. Kom ons kyk na een of twee van hierdie sogenaamde krisisse as voorbeeld:

Een van die talle nuwe velde wat geopen word, is die gebruik van opvoedkundig-tegnologiese middele en tegnieke. Die rekenaar met sy byna menslike vermoëns dreig om die onderwys te verkil tot 'n verontmenslikte bedrywigheid wat die onderwyser vervang en oorbodig maak, wat die moontlikhede van die kind tot duiselhoogtes voer om van hom 'n supermens te maak, wat dom slim maak. Daarom kry ons stryd teen die invoering van hierdie dinge, mense wat die „goeie oue tyd" wil laat voortduur, mense wat vir hierdie dinge bang is. So 'n houding betaam egter nie die Calvinistiese opvoeder en onderwyser nie. Elke nuwe moontlikheid is 'n deur wat God vir die mens geopen het, dis sy gawe aan 'n mens met insig, verstand en geloof, om dit in sy diens in te span en te gebruik, om dit te ontwikkel en te bevorder. Maar dit alles geskied onder die besef van

die geroepenheid tot die doel, soos vir ons in die Woord van God aangegee. Ons staan werklik onder verpligting om hierdie middele en tegnieke te ontwikkel en reg te gebruik. Hulle staan voor ons as soveel uitdagings, terreine om te beset voordat die ongelowige vir ons die pad moet aanwys. Op onderwysgebied staan ons dus progressief, oop bydraend, op die voorpunt, dankbaar teenoor God vir elke skrede vordering en skuldbelydend oor elke terugslag en mislukking. Geen krisis hier nie, maar nederige erkenning dat ons nog maar ten dele ken en geroep is om volkome te ken. Geen terrein is te gering om onder die lig van God se soewereiniteit te staan nie, ook nie die mensuitgedinkte masjien nie. Al was Jubal die vader van almal wat op siters en fluite speel, het Dawid met sy harp psalms tot eer van God gesing.

'n Ander sogenaamde krisis is die enorme kennisontploffing waarvan ons so dikwels hoor. Die kennisveld het 'n dinamiese, voortskreidende roltrap geword, 'n sneeubal wat algaande al vinniger vergroot sodat ons op skool nie meer kan byhou nie. Wat help dit tog dat ons die kinders met moeite die hedendaagse kennis leer as dit tog op daardie oomblik al klaar verouder is of anders vinnig aan verouder is? Daar is ook nie meer waarhede wat ewig vas staan nie. Wat moet ons die kinders dan leer wat vasstaan? Angsvallig word vandag weggesnoei al wat moontlik oorbodig kan wees en bygevoeg wat bygekom het, maar in die proses gaan die ewewig dikwels verlore. Ook hier staan die Calvinis baie oop en progressief. Daar word in die eerste plek nie gevra wat die eis van die moderne kennisveld of van die hedendaagse mens is nie maar wat God se eis is, hoe Hy beste geken kan word. Daar word erken dat die moderne mens ook in die eerste plek religieuse wese is en hierdie waarheid moet in sy kurrikulum op skool en universiteit die sentrale plek aan sy verhouding tot God toeken, want dan sal sy verhouding tot sy medemens, tot die wêreld en tot homself noodwendig ewewigtig inval. Wie hieraan gehoorsaam is, gaan uit die moderne kennisskat so kies dat hy noodwendig op die voorpunt staan. Geen bekrompe afwysing van raak-nie-en-smaak-nie, want wat nie in God se diens ingespan word nie, kan maklik teen God ingespan word. Elke vak op skool dus so modern moontlik, geïntegreer tot 'n logiese geheel, wat al die fasette dek en die mens vir hierdie lewe so volmaak, nuttig en vrugbaar moontlik toerus om as geroepene sy taak te kan vervul. So sal ons die kind kan leer om die wondere van die

moderne medisyne, die wonderlike terreinuitbreiding deur die ruimtevaart, al die tegniese wonderwerke in perspektief te sien, te vat en eventuele bydraer te wees tot hierdie groot veld. Ons is dankbaar vir daardie ruimtevaarders wat met Kersfees 1968 God se Naam oor die ruimtes, dusver onbetree, geproklameer het. So kan die kennishistorie tot kalmte en rustige ewewig herlei word en die mensheid gelei word tot hoër diens.

In hierdie siening lê vir ons die toekoms van die onderwys en opvoeding. So kan die Calvinisme as formulering van die waarhede van God se Woord vir ons as rigsnoer dien om te antwoord op die talle vrae van die moderne tyd. So is ons antwoord dan ook wetenskaplik verantwoord, want ons gaan nie ons lig opsteek by die situasie waarin ons geworpe is nie of by enge eie eksistensie nie of by enige ander mensgemaakte bron nie, maar by die lewende God, in Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge geskape is. Dit is o.i. die groot en belangrike deurbraak van 1967, toe dit ook van staatsweë opdrag geword het om hierdie siening in ons onderwys in te dra. So alleen kan onderwys Christelik wees en kan die ouer sy regte en verantwoordelikhede aanvaar. Ons is daarom so bly dat hierdie bespreking vandag opgevolg word deur die besinning deur die ouer oor sy groot taak in die verband.

Ons wil graag afsluit daarmee dat ons met diepe dankbaarheid sien hoe die God wat ons geroep het ons nou reeds 100 jaar lank in die geleentheid gestel het om op opvoedkundige erf hierdie waarhede te verkondig, om manne en vroue van hierdie snit te vorm en uit te stuur, mense wat ortodoks-gelowig tog op die voorpunt kan staan en andere tot dieselfde wonderlike lig kan lei. Sien asseblief in die feit dat hierdie simposium genoem is 'n saamtrek van eertydse doktorandi in die Opvoedkunde van hierdie Universiteit, ons poging om te wys waartoe die Here God ons geroep het. Sien daarin ons dankbaarheid dat Hy deur die eeu heen groot manne gegee het wat vir ons die pad kan wys, dat in ons swakheid sy krag volbring kon word. Maar ook dat Hy die manne gegee het wat as klankbodem so ingestel was om hierop te resoneer. As ons vir u sê waar die meer as 90 doktore vandag staan, of in hulle lewe gestaan het, sal u ons dankbaarheid besef: 2 Rektore van Universiteite, 6 Dekane van Fakulteite, meer as 40 professore en dosente aan universiteite en onderwyskolleges, talle inspekteurs en hoofinspekteurs van onderwys, minstens 3 direkteurs en adjunk-direkteurs van onderwys, hoofde en vise-hoofde van

skole en onderwysers — almal ligfakkels wat eners skyn. Voeg hierby die talle M.Ed's, B.Ed's, U.O.D.'s en ander onderwysers, en u kan begryp as daar beweer word dat ons invloed buite verhouding met ons grootte staan.

Ek sluit af met verwysing na iets waarmee ons die nuwe eeu wat voorlê begin, 'n nuwe veld wat in ons eeufeesjaar vir ons geopen is. Ek verwys na die huidige wetgewing op onderwysersopleiding. Soos so vele onmoontlike take van die verlede — onmoontlik omdat ons so klein is en die taak so groot — gaan ons hierdie een ook aanvaar as van God gegee en tot sy eer. Hy sal voorsien soos in die verlede. Dis Hy wat wil dat ons langs hierdie weg nog groter geleenthede kry as in die verlede. Aan God alleen die eer.

En as Hy Afrika as ons werksterrein gee, dan wil ons ook na sy roepstem luister en die eeu-oue Calvinistiese frisse jeug indra in die eertydse donker kontinent. Daarvoor het ons die mannekrag nodig. Ons glo daar kan nooit te veel onderwysers wees nie, want die veld is haas sonder grense. En as die wêreld ons terrein moet word, dan sal die toekomstige opvoedkundiges van wêreldformaat weer hulle verskyning maak soos reeds in die verlede. Hulle wat glo, is nie haastig nie, net getrou besig aan hulle roeping.

B. C. Schutte.

P.U. vir C.H.O.